# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 6 NOVEMBER 2022


**Gesamentlike oggenddiens** 09:00 in die kerk | Ds. Potgieter (3/7)

Meditatiewe diens 09:00 in die kapel | Ds. Dietmann

Aanddiens 18:00 in die kerk | Ds. Breytenbach

## TIENDEMAANDINSAMELING 2022

Die tiendemaandinsameling is gegrond op die Ou Testamen-tiese gebruik dat 'n deel van die eerste oes aan die Here gewy word (Deut. 26:12). Dié wet is in die Nuwe Testament met 'n dankbaar-heidsoffer (2 Kor. 9:7 -8) vervang. Gebruik gerus die dankofferkoevert om jou tiendemaandbydrae in te plaas. Koeverte kan in die kollektebord, of in die kluis in die voorportaal van die kerk, of in die posbus by die kerkkantoor geplaas word. Elektroniese inbetalings is ook welkom, asook betalings deur SnapScan. Sien bladsy 4 of die koevert vir bankbesonderhede en SnapScan-kode. Die insameling staan nou op R84 610.




## DOOP VANDAG

Tydens die oggenddiens:

- Derick en Nicoleen Deale, laat doop vir Zoë Leigh Deale.
- Wim Jaco en Marlene de Beer, laat doop vir Wilhelm Jacobus de Beer.
- Johan en Jacki Gilmore, laat doop vir James Robert Gilmore.

Tydens die meditatiewe diens:

- Jaco en Wilmie Bekker, laat doop vir Steph Jacobus Bekker.

## BREIGROEP | UITSTALLING

Loer gerus na die handewerk van die gemeente se breigroep wat in die voorportaal uitgestal word. Die musse en serpe word jaarliks tydens jeuguitreike aan minderbevoorregte kinders in Karoodorpe geskenk. Donasies vir wolaankope sal baie waardeer word.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

Prins Albert-crèche

Stellenberg-gemeente het tydens jaarlikse jeug-uitreike na Prins Albert die groot behoefte aan die versoring van voorskoolse kinders opgemerk en be-trokke geraak by die stigting van 'n kleuter-skool waar voorskoolse kinders tans daagliks ver-sorg word.

## GRAAD 8-KAMP 2023

Alle graad 8's wat in 2023 by die hoërskool inskakel, word uitgenooi na die jaarlikse graad 8-kamp. Die kamp, met kamptema *Into the unknown* sal jou voorberei op inskakeling by 'n hoërskool. Die kamp word vanaf 13 tot 15 Januarie by die Apostelbatterykampterrein, Llandudno, aangebied. Inskrywings kan aanlyn op **www.stellenberg.co.za** gedoen word. Navrae: sunet@stellenberg.co.za.

## FAMILIE-LOFPRYSINGSAAND | 18 NOV.

Gesinne word uitgenooi om op Vrydagaand 18 November vanaf 18:00 tot 20:00 by die lofprysingsaand in die kerk in te skakel. Lidmate van ander gemeentes gaan ook by ons aansluit en Kenridge-gemeente se aanbiddingspan lei die byeenkoms.

*Maar ek en my huis, ons sal die Here dien.* Josua 24:15

## BEKENDSTELLING VAN BORDSPELETJIE

Die *Turkeys and Eagles*-bordspeletjie is 'n opwindende hulpmiddel wat families in staat stel om gesprekke oor God se hart te voer. Die bekendstelling van die speletjie is op Saterdagoggend 19 November vanaf 08:30 tot 10:30 in die kleinsaal. Ons beveel aan dat kategeteleiers, ouers en uitreikleiers die gratis opleiding en die bekendstelling van die speletjie bywoon. Registreer asb. vir opleiding via die gemeente se webwerf **www.stellenberg.co.za.** Daar is ook 'n inligtingsvideo waarna jy kan kyk. Besoek ook die webwerf **https://turkeys-and-eagles.com/** om meer oor die interessante speletjie te wete te kom.

## STAP SAAM MET GERDA

Gerda Engelbrecht het onlangs die volledige pelgrimstog, die Camino de Santiago, afgelê. Dit neem gemiddeld 35 tot 40 dae om die pelgrimstog te voltooi. Sy het al haar wedervaringe op die staptog deur middel van videomateriaal met intekenare van Netwerk24 gedeel. Op Dinsdagaand 15 November 19:00 kom deel sy haar ervarings op die Camino eerstehands met ons. Ons gaan luister hoe so 'n grootse avontuur 'n mens tot voortdurende vernuwing aanspoor.

### ANNIBRAND EN KLEUTERKERK

- Kleuterkerk (09:00 - 09:50) by die Koffie en Krummel-koffiewinkel.
- Graad 1- 6 (10:00 - 10:45) in die kerk.
- Die graad 7-groep skakel by die Annibrand Senior-groep in en woon om 18:00 die aanddiens by, met kleingroepe daarna.
- Annibrand Senior ontmoet 18:00 in die kerk en verdeel na die diens in kleingroepe.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. Hulle het op 22 Aug. met 'n nuwe reeks oor vroue in die Bybel begin. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

## BESOEK AAN MES-NAGSKUILING

Ons besoek weer die MES-nagskuiling op Maandag 7 November om 18:00. Ons beoog om die mense by die skuiling te bedien. Ons kom in die markplein bymekaar en sal weer teen 20:00 terug by die kerk wees. Rig navrae aan René Potgieter 079 893 8104.

## STELLENBERG BYBELSKOOL

**Om in die mees onverwagte omstandighede vernuwing te beleef.** Ons gaan vir vier sessies fokus op hoe die Here Paulus op sy lewensreis in onverwagte omstandighede gevorm het en ook ondersoek hoe die Here vandag in ons lewens saam met ons op reis is. Die handleiding en opnames van die sessies sal ook op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees.

Datums: Maandag 7, 14, 21 en 28 November om 19:00 in die kerk.
Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Koste: R30-donasie.
Inskrywings: Charlotte, charlotte@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## GASBOTTEL VIR SOPKOMBUIS

Die gemeente ondersteun sopkombuise in Khayelitsha, Wesbank en Bloekombos. Die sopkombuis in Bloekombos wat elke Vrydag aan 50 kinders 'n maaltyd voorsien, benodig 'n groot gasbottel. Kontak die kerkkantoor, 021 9764519 of ds. René Potgieter 079 893 8104 indien jy kan help.

## VATVYF-BYEENKOMSTE

**Uitstappie Woensdag 23 November**

Ons vertrek om 09:00 na die Hoogwater-vrugteplaas vir 'n voldaguitstappie. Bring gemaklike skoene, sonskerm en 'n hoed saam. Toegang is R30 per persoon en teen R50 ekstra kan jy van hul vrugte pluk en saam huis toe bring. Ons eet saam by die Rietdakkie-padstal (elkeen betaal vir homself). Bespreek by Charlotte, 021 976 4519.

**Kersete op Donderdag 1Desember om 12:00 in die kleinsaal**

Koste is R50 per persoon.

Bespreek by Charlotte, 021 976 4519 voor 28 November 2022.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is ook beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

**Tafelgesprekke vir families**

## BROADCAST-LYS

Stoor die gemeente se WhatsApp-nommer (081 045 2428) op jou foon en raak deel van die gemeente se *broadcast*-lys sodat jy nuusbrokkies via WhatsApp kan ontvang. Dit is nie 'n WhatsApp-groep nie, wat beteken jou selnommer en ander lede se selfoonnommers is nie sigbaar op die lys nie. Stuur jou naam en van per WhatsApp na 081 045 2428 om op die *broadcast*-lys geplaas te word.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

10 November om 15:00 in eetsaal

Psalm 51: Here, neem tog my sonde weg!

### BREIGROEP

Ontmoet op Maandag 7 November om 09:30 by Edelweiss.

### OMGEESTOOR

Die omgeestoor samel tweedehandse klere in en deel dit uit aan minderbevoorregte persone, of besorg die klere aan instansies wat dienste aan minderbevoorregte persone lewer. Gee gerus bruikbare tweedehandse klere by die kerkkantoor af. Ons sorteer dit en versprei dit volgens behoefte.